



Zon Kruger

Na skool het sy vir twee jaar kuns studeer aan die Bloemfonteinse tegniese kollege. Hier het sy in alle kunsvorme, van skilder en teken, tot verf, pottbakkerie en nog meer 'n basiese opleiding en agtergrond gekry.

Maar voor sy haar kunsopleiding tot reg kon laat kom, het haar lewe eers 'n ander draai geloop. In 2000 is sy met Bertie Kruger, oorspronklik van die Barkly-Oos / Molteno omgewing getroud. Hulle enigste kind, 'n pas vyf-jaar-oudgeworde seun Zandr , het

die nodige aandag geverg. Haar tyd is egter hoofsaaklik gewei daaraan om haar man te ondersteun. Pastoor Kruger en sy gade verrig 'n reuse taak in die Colesberg gemeenskap, waar hy hom toespits op bediening onder plaaswerkers en opheffingswerk in plakkerskampe.

Aan die begin van die jaar het sy besluit om haar liefde vir die natuur en kuns te kombineer en tot praktiese uitvoering te bring. Haar tema is Merinoskape en landskaptonele. Wat dit uniek maak, is dat sy slegs organise, natuurlike materiaal vir haar kunswerke gebruik. Een van haar eerste pogings was di  van 'n Merino ramkop, in geheel saamgestel uit wol van verskillende kleurskakerings. Tydens die skaapfees op Colesberg het sy toe haar eerste werke ten toon gestel. Die belangstelling en navrae wat dit gelok het, het haar aangespoor om haar meer hierop toe te l .

'n Kamer in hul woning dien as haar 'studio'. Materiaal, wat insluit wol, sade, bossies, klippies en grasse word van boere verkry,

Wol kunswerke

Zon Kruger het in Colesberg grootgeword. Hoewel haar ouers 'dorpsmense' was, is dit in hierdie Karoodorp waar sy haar liefde vir die plaaslewe en natuur ontwikkel het.

sorgvuldig uitgesoek en voorberei vir elke tema. Gewoonlik neem sy 'n foto as basis en omvorm dit met die natuurlike vesels en plante om 'n aanskoulike eindproduk te vorm. Soms word ook 'n bietjie verf gebruik indien nodig om die afwerking meer na haar sin te laat vertoon.

Die 'bestanddele' word sorgvuldig uitgel  op 'n harde basis en dan, sonder om dit vas te plak, met die 'portret' se glas in posisie vasgedruk. Dit is dus belangrik dat daar geen wind of stof moet wees waar sy werk nie, en die amper-klaar produk ook nie onnodig hanteer en beweeg word nie. Dus doen sy meeste van die raamwerk ook self.

Hoewel Zon nog relatief kort met hierdie kunsvorm besig is, het die belangstelling daarna tot gevolg dat haar werke miskien binnekort in 'n hoog aangeskrewe winkelgroep aangebied sal word. ■

Belangstellendes kan haar kontak by: 083 685 1945.